

16 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 34:1-14
Fokusgedeelte: Eksodus 34:7-9
HK, Vraag 16

God bewys sy trou aan sy sondaarkind

Israel sit verleë. Hulle het die band met God verbreek. Hulle het, teen God se wil, die goue kalf gemaak. Aan hierdie oortreding van die tweede gebod is 'n straf gekoppel. Vir enige misdaad moet 'n misdadiger tog betaal. In Eksodus 20:5 het God gesê dat Hy die sonde van die vaders aan die kinders sal toereken, tot in die derde en vierde geslag van die wat Hom haat.

Is God nie onregverdig nie? Nee. As God weer aan Moses verskyn, dan wys Hy op die besondere band wat Hy tussen Hom en sy kinders gelê het. Hy verbind Hom in barmhartigheid en genade, in liefde en trou aan sy volk. In Eksodus 20:2 het God reeds vir Israel gesê: "Ek is die Here jou God wat jou ... bevry het." Daarom wil God nie dat sy volk voor beelde neerbuig nie. Elkeen moet weet dat sy beelddiens 'n invloed op sy kinders en kleinkinders het. Niemand sondig vir homself nie. Adam se sonde het deurgedring tot alle mense (Rom 5:12).

Die verleentheid waarmee Israel sit, word deur Moses verwoord. Hy weet dat die Here die sonde van die volk nie sonder meer ongestraf kan laat nie, maar hy weet ook dat hierdie volk nie kan betaal nie, omdat hulle moedswillige sondaars is. Daarom pleit hy om vergiffenis: "Laat ons tog u volk, u eiendom bly." In hierdie pleitrede is die beginsel van ons troos, dat ons nie aan onself behoort nie, maar die eiendom van Jesus Christus is.

Sing: Psalm 99:5 (1936-beryming)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)

Psalm 99:4 (2001-omdigting)